

Oosterwa - Bloekompoort



Inhoudsopgawe

- Bybelvers
- Gedig
- Inligting
- Resepte
- Verjaarsdae

OOSTERWA VYFDE UITGAWE BLOEKOMPOORT 17 – 19 AUGUSTUS 2018 (AJV)

UIT DIE WOORD: GAL: 6: 9,10

Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.



WINTERNAG

O koud is die windjie en skraal.
En blink in die dof-lig en kaal,
So wyd soos die Heer se genade,
Lê die velde in sterling en skade.
En hoog in die rande,
Versprei in die brande,

Is die grassaad aan roere soos
winkende hande.
O treurig die wysie op die ooswind se
maat,
Soos die lied van 'n meisie
In haar liefde verlaat
In elk' grashalm se vou
Blink 'n druppel dou,
En vinnig verbleek dit tot ryp in die
kou!

Eugène Marais

Die gedig beskryf ons naweek te
Bloekompoort die beste.
Vrydagaand was darem nie te erg
koud nie. Ons kon elkeen 'n stukkie
vleis braai terwyl daar 'n groot warm
vuur gebrand het. Diè het die koue en
wind so bietjie weggehou. Na ete het
ons nog 'n geselsie ingekry voor almal
gaan inkruipe vir die nag.



Saterdag oggend kon ons darem so bietjie inlê aangesien die AJV vergadering eers tien uur begin het.



Intussen het die wind vir ons gewaai en dit was ysig koud. Deur die nag het ek al gedink die tent waai weg en selfs die woonwa het nie baie stewig op sy voete gevoel nie. Sal nie regtig weet nie maar dit het gevoel so 'n boot op 'n baie ontstuimige see.

Almal het in die saal bymekaar gekom vir die vergadering. Bestuur en NUB lede in hul SAWA drag, die res in warm klere en self komberse was byderhand. Nooit gedink ek sal SAWA se warm baadjie nodig kry nie, tot die oggend.

Terence, die Voorsitter, het die vergadering gelei en dit het goed verloop. So kon ons alles van belang bespreek en besluite neem, tot voordeel van ons streek. Ek wil graag vir die wat nie die vergadering bygewoon het nie 'n gedeelte van die Voorsitter se verslag aanhaal:

“Volgende jaar is SAWA, asook Oos-Rand Streek 50 jaar oud – dit is 'n wonderlike mylpaal om te bereik. Dankie aan elke lid wat deel was en is van Oos-Rand Streek en wat gehelp het om die Streek uit te bou. Ons vertrou 2019 gaan 'n uitstekende jaar vir ons Organisasie wees.”

Die bestuur is as volg:

Terence van Niekerk - Voorsitter
Ilze Kleynhans - Ondervoorsitter
Riaan Hyman - Penning
Meester
Johan Breedt - Batehouer
Betsie Breedt - Redakteur
Jannie Bronkhorst - Addisionele lid
Nico Swanepoel - Addisionele lid



Terence het ook van die geleentheid gebruik gemaak om die "Oosrander van die Jaar" Trofee aan Ilze Kleynhans te oorhandig. Ons wil haar baie geluk wens met die toekenning en haar bedank vir al die harde werk, bystand en ywer wat sy aan die dag lê. Ook haar berydwilligheid om haar hulp aan te bied.



Na die vergadering het ons versnaperings en warm koffie geniet. Aangesien ons reeds in die saal was het ons die dag daar deurgebring waar dit warm was en uit die wind. Elke vorm en soort verwarmers is ingespan om die koue te verdryf. Later is die spit braaiers aangesteek met vark- en bees rolle, asook klein uitjies en aartappels. Die lekker reuk het die hele plek vol gehang.

Daar is gesels en gekuier en selfs 'n dans passie of twee is uitgehaal. Toe

word ons honger. Almal het nader gestaan vir die heerlike ete. Magies vol en ogies toe is en in die bed is die beste plek na 'n lang en aangename dag.

Sondag oggend het die son heerlik warm geskyn sodat almal kon ontdooi. Ons het toe die "famous" ontbyt van Hennie genuttig voordat ons sommer so in die sonnetjie afgesluit het met die gebruikelike erediens wat Rudi Kleynhans aangebied het.

FOOD FOOD

RESEP:

STYWE MIELIEPAP IN DIE MIKROGOLF OOND

- 1 Koppie Mieliemeel
- 3 Koppies Kookwater
- Sout na smaak

Meng alles saam. Kook 3 minute op hoog. Haal uit en roer. Kook weer 3 minute op hoog. Haal uit en roer. Kook dan vir 15 minute op medium hitte. Haal uit, roer en bedien.

Ek het nie self die resep beproef nie, maar as daar iemand is wat dit gaan probeer kan julle vir ons terugvoer gee Asb.

Gepraat van terugvoer, enige iemand is welkom om kommentaar te lewer, 'n bydrae te maak tot die nuusbrieff, hetsy : 'n interresante brokkie nuus, 'n maklike resep wat ook by 'n kamp gemaak kan word of sommer net om te gesels. Artikels kan per epos aan my gestuur word by: mjb06@live.co.za





VERJAARSDAE –
SEPTEMBER 2018

8 Betsie Breedt

8 Llewellyn Ferreira

19 Rudi Kleynhans

23 Sarie Spaumer

23 Johan Breedt

S.A.W.A Groete

Betsie Breedt
